IBO IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N04/1/A1AFR/SP2/AFR/TZ0/XX

88040004

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRICAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Wednesday 17 November 2004 (morning)
Mercredi 17 novembre 2004 (matin)
Miércoles 17 de noviembre de 2004 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werk van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat* ***nie*** *gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke* ***nie****, sal* ***nie*** *'n hoë punt behaal* ***nie****.*

**Drama**

**1.** (a) In 'n bevredigende drama word die gang van gebeure primêr deur die chemie tussen karakters bepaal, eerder as deur die gang van eksterne gebeure. In watter mate is dit die geval in die werke wat jy bestudeer het?

*of*

(b) Karakters se optrede en motiewe word op die ou end gedetermineer deur die heersende sosiale en politieke toestande van 'n bepaalde era. In watter mate is dié stelling waar van die mate waarin die optrede van karakters in die gelese dramas deur 'n dominante wêreldbeskouing gerig word?

**Poësie**

**2.** (a) Die natuur, en die samehangende natuurbeelde, figureer dikwels in poësie om 'n sekere stemming of toon deur te gee. In watter mate is die stelling waar omtrent die gelese gedigte?

*of*

(b) Poësie het dikwels verlies as 'n onderliggende tema. Die verlies kan hom op verskillende vlakke manifesteer: liefde, jeug, onskuld, trou, geloof, vriendskap, vertroude wêrelde, ens. Vergelyk die maniere waarop die bestudeerde digters die tema van verlies hanteer en die effek op die leser.

**Roman**

**3.** (a) "In die roman is die agtergrond en sosiale omgewing krities in die bepaling van die handeling en uitkoms van die storie." In watter mate is dit waar omtrent die gelese romans?

*of*

(b) Soos in die lewe self vorm en beïnvloed karakters mekaar. Gaan na in watter mate karakters in die gelese romans mekaar se lewensgang en lewensiening beïnvloed.

**Kortverhale**

**4.** (a) Die titel van die kortverhaal is gewoonlik ’n kragtige aanduiding van die tema en strekking van die verhaal. Deur na die titels van die gelese kortverhale te kyk, sê in watter mate die bogestelde stelling geldig is.

*of*

(b) Die slot van ‘n kortverhaal is dikwels wrang, bitter, ontgogelend, ironies, somber of berustend. Op dié wyse boots die verhaal eintlik maar die lewe self na. Vergelyk die slotte van ’n paar verhale ten einde die geldigheid van die stelling te bepaal.

**Algemeen**

**5.** (a) In groot literêre werke is geen karakter volkome boos of volkome goed nie. Soos in die lewe is literêre karakters ’n subtiele mengsel van goed en kwaad. Oorweeg die stelling deur na ’n paar bestudeerde werke te kyk.

*of*

(b) “Die skrywer skryf ten einde kwessies vir haar/homself deur te werk. Maar as lesers word ons aangegryp deur die refleksie van ons eie vrese en verlangens.” In die lig van jou leeswerk, sê in watter mate jy met die stelling saamstem.

*of*

(c) Karakters in die literêre wêreld is so feilbaar soos onsself. Oorweeg in watter mate die karakterswakhede in karakters in die gelese weke bydra tot hul ondergang.

*of*

(d) ’n Belangrike tema in die moderne letterkunde is *gender* kwessies. In watter mate, en tot watter effek, is die ondersoek na vrou-man-verhoudings ’n tema in die gelese werke? Watter aspekte van die tema staan uit?